# Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 12

*Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is*

*dit ook met die liggaam van Christus. (1 Kor 12:12)*

Ons ken almal hierdie beeld wat Paulus gebruik as hy van die kerk praat. Saam vorm ons een groot liggaam, en elke enkele lidmaat is deel van die liggaam; jy ook. Ons behoort dus aan mekaar, onlosmaaklik verbind deur ons verbondenheid aan die Hoof, Christus.
Dit het ’n paar implikasies, wat Paulus in dié hoofstuk uitspel. Enersyds kan ons nie onafhanklik van die ander lede funksioneer nie, want ons het mekaar nodig, soos die oog die niere nodig het. Andersyds kan ons nie indiwidueel besluit waar en of ons wil inpas, en wie deel van die liggaam is nie. Dis nie ons besluit nie; dis in die Gees, en die Hoof, Christus, se hand.
Hier is ook ’n verdere implikasie: deel-wees van die liggaam, die kerk, is nie opsioneel nie. Dit het die RKK die stelling laat maak: buite die kerk is daar geen verlossing nie. Ek wil nie heeltemal so ver gaan nie, maar dit laat ’n mens dink. Dis ook hoekom kerkskeuring vir die hele gemeente so traumaties is.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026